8 September 2025

# Tygieland-nuus

**Webtuiste:** www.tygies.co.za | **Facebook:** facebook.com/Tygies | **E-pos:** admin@tygies.co.za

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| | |
|---|---|
| **Maandag – 8 September** | Playball<br>A+ students<br>Pottebakkery<br>Young Engineers<br>Super Somme<br>Gimnastiek<br>Krieket-akademie<br>Netball Ninjas Academy<br>Minikrieket (graad R): 17:00-18:00 (A-rugbyveld) |
| **Dinsdag – 9 September** | **Juf. Riëtte van Schalkwyk (Panda klas) verjaar!**<br>EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>Professionele tennisafrigting<br>A+ students<br>Krieket-akademie<br>Tygieland-hokkie (graad R) 07:45 |
| **Woensdag – 10 September** | Experi buddies<br>A+ students<br>Super somme<br>Krieket-akademie<br>Netball Ninjas Academy<br>Minikrieket (graad R): 17:00-18:00 (A-rugbyveld) |
| **Donderdag – 11 September** | RSD (rugbyvaardighede)<br>Hippity Hop<br>Ballet<br>A+ students<br>Professionele tennisafrigting<br>**Tygieland-hokkie afsluiting** (sien bl. 2) |
| **Vrydag – 12 September** | 😍**KASKAR**😍<br>Voortrekkers |



## KURRIKULUM (8-12 SEPTEMBER)

**GRAAD RR**

**TEMA: Dinosourusse**
Versie: Bronto Dinosourus
Liedjie: Run run dinosaur

**GRAAD R**

**TEMA: Gebruik van water (Watersiklus)**
Versie: 10 klein paddatjies
Liedjie: Ek's 'n paddavissie

## TYGIELAND-HOKKIE AFSLUITING: 11 SEPTEMBER

Die hokkieseisoen hier by Tygieland het tot 'n einde gekom. Ons seuns en dogters het dit baie geniet en ons sien reeds groot potensiaal in hulle raak. As dankie vir 'n heerlike hokkieseisoen wil ons dit graag afsluit met 'n gesellige piekniek. Leerders is welkom om 'n bederf-pakkie saam te bring vir die geleentheid.

## KASKAR 2025: 12 SEPTEMBER

- Baie dankie vir almal se bydrae sover, ons het nog net **1 week** oor.
- Kom ons woeker met die kaskarvorms en maak die boeke vol!
- Volg die skakel vir meer inligting aangaande die kaskarvorms: Skakel
- Vir algemene inligting i.v.m. Kaskar 2025 volg die skakel: Skakel
- Program: Skakel
- Ouers is welkom om na afloop van die kaskarwedrenne saam te braai.
- **Braaipakkette:** Bestellings kan tot 10 September geplaas word by me. Anel van Niekerk (082 874 6300). Sien advertensie onderaan die bladsy.

## DIPLOMAFOTO'S (GRAAD R): 29 SEPTEMBER

- Hierdie foto's sal **Maandag 29 September** geneem word.
- Al die graad R-leerders moet die spesifieke dag asseblief by die skool wees. Leerders wat dié dag nie by die skool is nie, sal nie 'n diploma kry nie.
- Die fotopakket kos **R85** en die **enigste betaalmetode** is **d.m.v. <u>EFT direk aan die fotograaf</u>:**
  - Rekeninghouer H.R. Photo lab
  - Bank: FNB
  - Rekeningnommer: 63137525573
  - **Verwysing:** Leerdernaam + van + klas (bv. Cara Nel R/P)
- Skryf op die **koevert** u **kind** se **naam**, **klas**, **hoeveel pakkette** u bestel het, asook die **bewys van betaling**.
- Die kleuters moet asseblief hulle rooi Tygieland-hempies dra en hulle hare moet netjies wees.
- Die dogters se vlegsels of poniesterte moet asseblief laag gemaak word, sodat die "tosselhoedjie" mooi op hulle koppe kan pas.
- Die **Diplomaplegtigheid** vind op **Woensdag 29 Oktober** plaas. Meer inligting volg later.

